**ME. MARY BAINE AS NUWE UITVOERENDE SEKRETARIS VAN ATAF AANGESTEL**

**Tshwane, 4 Junie 2025** - SARS Kommissaris, mnr. Edward Kieswetter, kondig met trots die aanstelling van me. Mary Baine as nuwe uitvoerende sekretaris van die Afrika Belastingadministrasieforum (ATAF) aan, met intrede 1 Julie 2025. Me. Baine volg mnr. Logan Wort op wat ATAF se uitvoerende sekretariaat sedert hul stigting in 2009 gedien het.

Me. Baine bring 'n skatkis van leierskapondervinding na die tafel en 'n diep toewyding tot die bevordering van regverdige, doeltreffende en omvattende belastingstelsels regoor die Afrika-kontinent. Voor hierdie aanstelling, het sy as adjunk-uitvoerende sekretaris van ATAF gedien waar sy die organisasie se strategiese beplanning, internasionale samewerking en Afrika multilaterale inisiatiewe met onderskeid gelei het. Voor sy by ATAF aangesluit het, het me. Baine senior poste in die regering van Rwanda beklee, insluitend dié van kommissaris-generaal van die Rwandese inkomste owerheid en hoof-sekretaris in die ministerie van buitelandse sake. Haar merkwaardige loopbaan word deur 'n passie vir Afrika-geleide ontwikkeling omskryf en haar onvermoeide strewe om plaaslike hulpbronmobilisering as fondasie vir volhoubare groei te versterk.

Met die aankondiging van haar aanstelling het ATAF Voorsitter, mnr. Edward Kieswetter, gesê: "Me. Baine se aanstelling lei 'n nuwe en opwindende hoofstuk in ATAF se reis in. Haar omvattende kundigheid, gedemonstreerde leierskap en onwrikbare toewyding tot die forum se missie, het haar uniek geposisioneer om ATAF in die volgende fase van sy reis te lei."

SARS het 'n baanbrekersrol gespeel as die stigtingslid van ATAF wat sy hoofkantoor in Pretoria het. Hierdie rol vind uitdrukking in SARS se strategiese oogmerk om met en deur al die belanghebbendes in die belasting-ekosisteem te werk tot almal se voordeel. Onontbeerlik is dat die werk van Afrika se inkomste-administrasies om nie net solidariteit te versterk nie, maar om ook nouer werkverhoudinge en wedersydse voordeel te smee, met SARS se vooruitsig resoneer.

ATAF staan as die uitmuntende Afrika-netwerk wat gemik is om belastingstelsels in Afrika te verbeter deur die deling van kennis, kapasiteitontwikkeling en aktiewe bydrae tot die streek- en globale belastingagenda deur die ontwikkeling van Afrika-ingeligte en gefokusde beleide en standpunte. Met die strewe jeens doeltreffende belastingadministrasies in Afrika, het ATAF homself as leier in Afrika-belastingsake geposisioneer en sodoende die versterking van ekonomiese ontwikkeling op die kontinent versterk en die lewenstandaarde van die mense van Afrika verbeter.

As nuwe uitvoerende sekretaris sal me. Baine volhou om ATAF se strategiese rigting te lei en inspireer, die belange van sy 44 lede en die Afrika-kontinent te lei en Afrika se ontvouende ontwikkelingagenda te ondersteun.

ATAF spreek sy diepste waardering teenoor mnr. Logan Wort uit vir sy uitsonderlike leierskap oor die afgelope 15 jaar. Onder sy leierskap het ATAF tot 'n gerespekteerde kontinentale instansie gegroei, met die vervulling van 'n deurslaggewende rol in die vorming van belastingbeleid, versterking van kapasiteit en die bevordering van internasionale belastingsamewerking vir Afrika lande.

Ter slotte het die ATAF-voorsitter gesê: "Mnr. Wort laat 'n nalatenskap van voortreflikheid, integriteit en impak na. Met die verwelkoming van me. Baine in hierdie nuwe rol, sien ons uit

om op hierdie sterk fondasie te bou en om vordering aan te vuur jeens 'n meer regverdige en vooruitstrewende Afrika".

**EINDE**